

**14 Julie**

**Psalm 36:1-13, (Teks: 36:2, 8a)**

***Twee lewensketse in perspektief***

In Psalm 36 word twee lewensperspektiewe geskets: Die lewensperspektief van die goddelose en die gelowige. Soos 'n barre landskapstoneel van 'n lowerryke natuurtoneel verskil, so is die lewensperspektief van die goddelose en die gelowige teenoorgesteldes van mekaar.

In die lewensperspektief van die goddelose is vir niemand anders behalwe homself, plek nie. Veral vir God is in die lewensperspektief van die goddelose geen plek nie. Die goddelose bedink, praat en doen net wat boos en verkeerd is. God tel nie vir die goddelose nie en ook nie sy naaste nie.

Die lyne van die lewensperspektief van die goddelose skets 'n geloofsaanvegting wat deur die gelowige beleef word. Lyk hierdie perspektief nie soms na die grootste realiteit in die wêreld nie? In Psalm 36 is Dawid moontlik deur goddeloses bedreig. In die middel van 'n goddelose wêreld kan dit voorkom asof die goddelose die enigste sê het. Leef die gelowige dan sonder geborgenheid in 'n goddelose wêreld?

Psalm 36 skets die geloofsperspektief waarbinne die gelowige dan sonder geborgenheid ervaar: "Hoe kosbaar is u trou, o God!" In Psalm 36 val die klem op die troue liefde van die Here. Hierbinne kan die gelowige geborge lewe. Die grootheid van die troue liefde van God is 'n groter werklikheid as die mag van die bose en die sonde (verse 6, 7). In Jesus Christus is die troue liefde van God vas en seker. Vanuit die geloofsperspektief op die troue liefde van God leef die gelowige werklik en waarlik met 'n ander lewensperspektief.

Sing: Psalm 36:2

Ds. E.J. Tiemensma (Secunda-Oos)